

Verskuns vir Graad 12

Eerste Addisionele Taal

Riens Vosloo




**VOORGESKREWE BLOEMLESING
VIR GRAAD 12 EAT 2017**

Wat sê die Kurrikulum oor die onderrig van poësie in EAT?

- Identifiseer en verduidelik die digter se bedoeling.
- Identifiseer en verduidelik figuurlike en retoriese taalgebruik in verskillende gedigte soos beeldspraak en stylfigure.
- Verduidelik die **kenmerke van soorte gedigte** en
- Verduidelik hoe **versreël- en strofobou, rym, halfrym** (alliterasie en assonansie), **ritme, refrein, herhaling, beeldspraak** (vergelyking, personifikasie en metafoor) en **stylfigure** (inversie, simbool, karikatuur, onomatopoeë/klanknabootsing, ironie, kontras, spot, satire, sarkasme, antiklimaks, eufemisme, hiperbool, woordspeling, metonimia en onderbektoneering) verband hou met **tema/boodskap**.

’n Gedig moet volgens die leesproses onderrig word:



Pre-lees: Leerders neem deel aan ’n aktiwiteit/inligting wat deur die onderwyser gegee word om die volgende te verstaan:

- agtergrond van die digter
- inligting oor die periode (konteks)/kulturele groep/teikengroep vir wie die gedig geskryf is
- die digsoort en kenmerke daarvan: bv. sonnet, vrye vers, ballade, elegie, verhalende gedig, ens.
- die betekenis van kernwoorde en frases binne konteks (met Engelse verklarings waar nodig)
- die kenmerke van die gedig deur vluglees en soeklees, bv. titel, uitleg, lettertipe, strofobou, versreëlbou, ens.
- die inligting wat deur vlug- en soeklees verkry is om voorspellings te maak, bv.: Gee die titel ’n aanduiding waarom die gedig handel?

Tydens lees

Dit behels die volgende, nadat die onderwyser die gedig gelees het, asook leerders se eie pogings om die gedig te lees:

- toon aktiewe begrip van die gedig
- bepaal die betekenis van onbekende woorde
- gebruik leesbegripstrategieë deur verbande te skep, begrip te monitor, te herlees waar nodig, deur vrae te stel en te beantwoord, te visualiseer, afleidings te maak, vir hoofgedagtes te lees, op woordkeuse en taalstrukture te let, en die gedig aan die struktuur en kenmerke te herken, bv. beeldspraak, figuurlike taalgebruik, ens.
- maak aantekeninge of som die hoof- en ondersteunende gedagtes op.

- identifiseer en verduidelik die digter se bedoeling
- verduidelik die keuse en effektiwiteit van hoe beeldspraak, stylfigure, rym en ritme die boodskap/tema ondersteun.

Post-lees: Dit behels die beantwoording van kontekstuele vrae in reaksie op die gedig as 'n geheel:

- Wat word gesê? Hoe weet ek dit?
- Wie is die spreker in die gedig?
- Wat dink jy is die houding van die spreker?
- Hoe laat dit my voel? Wat is die digter se gevoelens?
- Wat is jou eerste indrukke? Watter beelde visualiseer jy?
- Kan jy die boodskap/kerngedagte in elke strofe beskryf?
- Verstaan jy die letterlike betekenis van woorde/frases?
- Verstaan jy die figuurlike betekenis van woorde?
- Herken jy enige patroon, bv. rympatroon?
- Is daar enige herhaling van woorde? Hoekom? (Wat is die doel/funksie?)
- Is daar enige progressie?
- Wat is die toon (emosionele boodskap) en stemming (atmosfeer/gevoel/emosie) van die gedig?
- Wat is die tema/boodskap van die gedig? Skryf dit in 'n volsin.
- Is daar enige woord(e) wat 'n simbool verteenwoordig?
- Benoem die digsoort, bv. is dit 'n sonnet, vrye vers, ballade, ens.?
- Dui die klankeffekte aan, bv. alliterasie, assonansie, rym, ritme en onomatopoeë/klanknabootsing.
- Waar moontlik moet persoonlike response gemotiveer word.

Hoe om 'n gedig te benader vir onderrig en begrip:

- Lees die titel van die gedig – die betekenis daarvan met betrekking tot die gedig in geheel.
- Lees oor die digter – sy naam, wanneer het hy/sy gelewe, temas waaroor hy/sy skryf, ens.
- Lees die gedig saam met die leerders deur sodat hulle kan probeer vasstel wat die algemene idee of tema is:
 - Digters kies gewoonlik temas oor dinge waaroor hulle sterk voel, wat deur hulle persoonlike oortuigings en ervarings beïnvloed word.
 - Temas sluit in: liefde, haat, vriendskap, verraad, verlies, heldedade, jaloesie, rassisme, seksisme, materialisme, godsdiens, misdad en oorlog.
- Let op na verbande en herhalings in die gedig om te bepaal hoe die digter en wat die digter wil oordra.
- Let op na progressie (waar van toepassing) in die gedig.
- Kyk hoe die gedig afgesluit word.
- Som die gedig op/soeklees vir kerngedagtes.
- Let op die struktuur/bou van die gedig – vers- en strofobou.
- Let op na woordkeuse/diksie. Verduidelik woorde binne konteks.

- Kyk na woordorde en volgorde – die digter wyk soms van die gewone woordorde af om 'n saak te beklemtoon.
- Let op na beeldspraak, stylfigure en klankeffekte.
- Wat is die stemming/atmosfeer van die gedig? Watter gevoel/emosie dra die digter oor?

Terme wat leerders kan help om vrae te beantwoord:

TERME	VERDUIDELIKING
Gee rekenskap van	Verduidelik waarom . . .
Analiseer/Ontleed	Skei, ondersoek en vertolk krities, sterkpunte en leemtes, positiewe en negatiewe, voordele en nadele.
Argumenteer/Redener	Verskaf argumente ter ondersteuning van of teen 'n standpunt.
Klassifiseer	Groeper dinge op grond van gemene eienskappe, rangskik volgens soort, sorteer.
Lewer kommentaar op	Lug 'n mening op grond van die feite om sodoende te verduidelik.
Vergelyk	Wys op of toon sowel ooreenkomste as verskille tussen dinge, konsepte of verskynsels.
Voltooi	Vul die ontbrekende woorde in.
Definieer	Gee 'n beknopte en duidelike verklaring.
Demonstreer	Toon of maak duidelik, illustreer of verduidelik, bewys deur argumente en voorbeelde.
Beskryf	Noem die hoofmomente van 'n proses/verskynsel/ondersoek in woorde.
Bepaal	Ontdek die antwoord deur die bewyse te ondersoek.
Onderskei	Gebruik verskille om kategorieë te verduidelik /regverdig.
Bespreek	Gee die feite en evalueer of lewer kommentaar daaroor.
Dui die verskille aan	Skryf die verskille tussen ... neer.
Evalueer	Druk 'n mening uit deur te bewys hoe goed/sleg, negatief/positief, suksesvol/onsuksesvol iets is; beoordeel die inligting om tot 'n gevolgtrekking te kom.
Verduidelik	Maak duidelik; vertolk, sê, gee redes vir die betekenis van ...
Vertel van ...	Vertel die storie van ...
Verskaf die konteks van ...	Gee die betekenis soos dit in gebruik toegepas word.
Identifiseer	Jy moet die antwoord soek, vind of kies; noem die belangrike eienskappe.
Illustreer	Om iets duidelik te maak deur voorbeelde of prente by te voeg.
Interpreteer/Vertolk	Om jou eie verklaring/verduideliking of betekenis te gee.
Voorsien byskrifte	Identifiseer op 'n diagram of skets.
Maak 'n lys	Moenie volsinne gebruik nie. Skryf net die woorde, name, ens., neer.

Noem	Skryf neer, verwys na toepaslike feite./Skryf 'n kort, spesifieke antwoord neer wat op die man af is.
Motiveer	Gee redes vir ...
Benoem	Gee die naam van iets.
Haal aan	Skryf die presiese woord(e) uit die teks neer en plaas die woord(e) tussen aanhalingstekens (" ")
Vertel	Vertel wat gebeur het.
Bewys	Jy moet jou antwoorde bewys of verifieer deur genoegsame en geldige ondersteuning. Hier moet jy die inligting wat in die gegewe vraag is, gebruik.
Doen voorstelle aan die hand ...	Bied 'n verduideliking of 'n oplossing aan; jy moet ander idees voorstel.
Som op	Gee slegs die hoofpunte.
Tabuleer	Maak 'n tabel of 'n lys.
Waarom	Dit is 'n ander manier om te vra dat jy 'n gebeurtenis of bewyse wat voorgelê word, moet verduidelik.
Watter	'n Vraag wat op soort of vergelyking dui.

Wenke vir leerders vir die beantwoording van kontekstuele vrae.

- Die onderwyser wil vasstel of jy die voorgeskrewe gedigte, ken en verstaan – die **inhoud**, **woordbetekenisse**, **poëtiese begrippe**, die **bou** van die gedig, ens.
- Maak seker dat jy die **terme vir assessering** verstaan. Onderstreep die **kernfrase** in 'n vraag soos "Benoem" of "Skryf neer" (gewoonlik die werkwoord).
- Kyk mooi na die puntetoekenning om te besluit hoe volledig/gedetailleerd 'n antwoord moet wees. 'n Een-punt-vraag moet minder volledig wees as 'n vraag wat 2 of 3 punte tel. onthou die volgende wanneer jy vrae beantwoord wat twee, drie of meer punte tel:
 - Gee die antwoord in jou eie woorde, behalwe as jy gevra word om 'n woord of frase uit die gedig moet aanhaal.
 - Verduidelik jou standpunt/opinie.
 - Bewys of motiveer jou antwoord deur uit die gedig aan te haal of deur 'n duidelike verwysing uit die gedig te gee. Gebruik aanhalingstekens wanneer jy uit die gedig aanhaal!
 - Gee een goeie stelling vir elke punt.
- Onderstreep die vraagwoorde in 'n vraag om seker te maak jy beantwoord wat gevra is.
- Gaan altyd deur jou antwoorde nadat jy klaar is om seker te maak jou antwoorde is in goeie Afrikaans geskryf en dit nie spelfoute bevat nie.
- Moenie 'n antwoord met "omdat" of "want" begin nie.
- Vermo sleng of informele taal.

Uittreksels uit *Verskuns se Studiewerkgids*

Hersien poëtiese begrippe (beeldspraak en stylfigure)

alliterasie (alliteration)	<i>The repetition of consonant sounds at the beginning of successive words.</i>	Wanneer dieselfde konsonant in opeenvolgende lettergrepe herhaal word, veral as dit aan die begin van 'n lettergreep is. Voorbeeld – Hy stap sonder sy skoene.
assonansie (assonance)	<i>The repetition of vowel sounds.</i>	Wanneer dieselfde vokaalklank kort na mekaar in dieselfde versreël herhaal word.
atmosfeer/ stemming (mood/ atmosphere)	<i>Mood is a literary element that evokes certain feelings or vibes in readers through words and descriptions. Usually, mood is referred to as the atmosphere of a literary piece, as it creates an emotional situation.</i>	Dit is die gevoel wat die leser kry wanneer hy die gedig of verhaal lees. 'n Gedig se atmosfeer kan, byvoorbeeld, vrolik, hartseer, ernstig wees.
Beeld (image)	<i>To picture something to oneself/to form an idea.</i>	Dit is wanneer 'n leser 'n gedagteprentjie vorm van hoe hy dink iets lyk.
beeldspraak (figurative/ metaphorical language)	<i>A verbal expression in which words are arranged in a particular way to achieve a particular effect. Figures of speech are organized into different categories, such as alliteration, assonance, metaphor, and simile.</i>	Somtyds maak 'n digter van 'n prentjie of 'n beeld gebruik om beter te verduidelik. Beeldspraak is ook figuurlike taalgebruik. Soorte beeldspraak – vergelyking, metafoer, personifikasie
digter (poet)	<i>A poet writes a poem.</i>	Die persoon wat die gedig geskryf het.
ellips (ellipsis)	<i>Ellipsis is used in narratives to omit some parts of a sentence or event, which gives the reader a chance to fill the gaps while acting or reading it out. It is usually written between the sentences as “. . .”</i>	Weggelate woorde wat deur drie punte (. . .) voorgestel word. Dit vestig die aandag op 'n belangrike deel wat volg. Dit word gebruik om atmosfeer te skep soos spanning (suspence) en onsekerheid (uncertainty). In prosa help dit om te wys dat tyd verby gegaan het.
enjambement (enjambment)	<i>In poetry it means moving over from one line to another without a terminating punctuation mark. It can be defined as a thought or sense in a line of poetry that does not come to an end at the line break but moves over to the next line.</i>	Dit maak die gedig vloeiend. Dit kan die tempo van 'n gedig vinniger of stadiger maak.
figuurlike taal (connotation)	<i>The associations called up by a word that goes beyond its dictionary meaning. Poets, especially, tend to use words rich in connotation.</i>	Mense gebruik beelde om iets te sê. 'n Woord het dus 'n baie wyer betekenis. As iemand sê: “Nou sit ek met die gebakte pere”, verwys dit na die feit dat die persoon nou ander mense se moeilikheid geërf het. Dit word aangetref in metafore, vergelykings, personifikasie en idiomatiese uitdrukkings.

Voorbeeld van 'n gedigbespreking en -ontleding in die Studiewerkgids van Verskuns Graad 12 EAT

Aucamp, Hennie

Son en Maan

(Verskuns, bl. 1)

Die gedig in konteks

Die San het ongeveer 30 000 jaar gelede, toe die wêreld nog in die Ystyd was, in Suidelike Afrika gewoon. Die dele waar die San gewoon het, is later deur ander stamme wat vanaf die noorde van Afrika gekom het, ingeneem (*invaded*). Die gevolg is dat die San se getalle baie afgeneem (*reduced*) het.



Die San het lank gelede geglo dat die wêreld gemaak is deur die geeste (*spirits*) rondom hulle. Die stories wat die San vertel het, help ons vandag om te weet hoe hulle natuurverskynsels verstaan het (*viewed natural phenomena*) en hoe hulle die dood en natuurrampe (*death and natural hazards*) verklaar het (*explained*). Hulle was lief om stories daaroor te vertel, veral oor die son, maan en sterre.

Hier volg een van die stories wat verklaar hoekom die maan al kleiner word (*wanes*) en dan weer uitgroei (*waxes*):

Wanneer Son opkom, verdryf hy die donkerte (*darkness goes away*). Wanneer Son sak, kom Maan op en dan verdryf Maan die donkerte. Son was jaloers (*jealous*) op Maan wanneer hy vol is omdat die mense gedink het die volmaan (*full moon*) is mooier as Son. Toe het Son met sy skerp strale (*sharp rays*) stukkies uit Maan begin sny (*cuts bits off the moon*) totdat daar net 'n klein stukkie van Maan oor was. Toe het Maan uitgeroep dat Son asseblief net een stukkie rib of ruggraat (*backbone*) moet los vir die kinders. Son het toe weggegaan en Maan het stukkie vir stukkie weer teruggegroeï (*moon starts growing back, little by little*) tot hy weer vol was. Toe het die proses weer van vooraf begin en Son het Maan begin wegsny en Maan word kleiner . . .

Hennie Aucamp het hierdie verhaal vir ons in digvorm oorgeskryf.

Ontleding

Begrippe wat jy moet ken:

assonansie (<i>assonance</i>)	Assonansie is die herhaling van vokale (<i>vowels</i>) in dieselfde versreël, maar onthou, dit gaan oor klank (<i>sound</i>), nie letters nie: "sk <u>e</u> del ske <u>e</u> f". Hier is dit net die lang e-klank wat deel vorm van die assonansie.
intertekstualiteit (<i>intertextuality</i>)	Intertekstualiteit is wanneer 'n gedig verwys na tekste wat reeds bestaan. 'n Digter kan met opset dele van 'n ander teks gebruik deur, byvoorbeeld, oor dieselfde onderwerp te skryf of dele van 'n ander teks te gebruik.

personifikasie (<i>personification</i>)	Dit is wanneer 'n digter of skrywer menslike eienskappe aan 'n niemenslike voorwerp gee, byvoorbeeld: "die Maan is bleek en sieklik".
progressie (<i>progression</i>)	Dit het te make met ontwikkeling en verandering. Dit kan ontwikkeling wees in, byvoorbeeld, die tydverloop en in die verloop van gebeure.

Uiteensetting:

Tema	Hoekom die maan kleiner word/natuurverskynsels
Stemming	Verhalend (<i>narrative</i>)
Bou	Intertekstualiteit: Die gedig het sy inhoud van 'n ou San-vertelling (<i>narrative</i>) gekry. Uiterlike bou: Drie strofes van vier versreëls elk (kwatryne). Innerlike bou: Daar is progressie in die gebeure omdat die spreker 'n verhaal vertel. Die gedig het 'n vaste ritme met eindrym in sommige versreëls.
Titel	Die titel vertel waaroor die gedig gaan. Son en Maan is met hoofletters geskryf omdat dit hier eiename is. Die subtitel gee verder inligting omtrent die inhoud.
Strofe 1	'n Beskrywing van Son en Maan word gegee. Die strofe begin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt. Rympatroon: <i>aba</i> . o-assonansie kom voor in versreëls 1 en 4. In versreël 3 is personifikasie: die maan is bleek en sieklik. Let op die kontras in die eindwoorde van versreëls 2 en 3.
Strofe 2	Progressie word gesuggereer in die woorde "tot later". Die dubbelpunt bring einde aan die progressie met die aankondiging van die Maan se agteruitgang (<i>decay</i>) wat deur middel van 'n metafoer beskryf word. In versreëls 6 en 8 is kruisrym: <i>cded</i> .
Strofe 3	Die strofe is in dialoogvorm (<i>dialogue</i>) geskryf. Die digter maak gebruik van lees- en skryftekens vir dramatiese effek: die akuutaksent (<i>acute accent</i>), asook die uitroep- (!) en vraagteken (?).

Kontekstuele vrae

1. Skryf die subtitel neer. Waarom is dit belangrik in die gedig?

2. Skryf 'n voorbeeld van assonansie in strofe 1 neer en onderstreep die klanke.

3. Wat leer hierdie gedig vir die leser (*what does it teach*)?

4. In strofe 1 is daar woorde wat 'n kontras (*contrast*) vorm.

a) Skryf die woord wat in kontras met "gesond" gebruik word.

b) Skryf een woord wat in kontras met "deur die jaar" gebruik word.

5. Lees versreël 3.

- a) Dit is 'n voorbeeld van vergelyking/metafoor/personifikasie.
 - b) Skryf in jou eie woorde wat hierdie versreël beteken.
-

6. Strofe 2 sê dat Son jaloers op die volmaan is. Weet 'n mens waarom Son jaloers is sonder om die storie hierbo te lees? Sê JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord.

7. Gee 'n sinoniem vir "bitterlik" in versreël 5.

8. Skryf TWEE opeenvolgende woorde uit strofe 2 neer wat die progressie in die gedig beskryf.

9. 'n Sinoniem vir "ietsie" in versreël 7 is: entjie/bietjie/lengte.

10. Onderstreep die regte antwoord. Die dubbelpunt in versreël 7 se doel is om te wys dat iemand gaan praat/iets belangriks gaan volg/die res van die strofe in die volgende versreël aangaan.

11. Hoekom was Maan benoud?

12. Onderstreep die regte antwoord. Die dubbelpunt in versreël 9 se doel is om te wys dat iemand gaan praat/iets belangriks gaan volg/die res van die strofe in die volgende versreël aangaan.

13. Skryf versreël 12 in jou eie woorde oor.

14. Wat, dink jy, het ná strofe 3 met Maan gebeur?

15. Waarom is hierdie 'n voorbeeld van intertekstualiteit?

16. Aan wie se kant is jy – Son of Maan? Motiveer jou keuse.

17. Weet jy wat die regte rede is hoekom die maan se vorm so verander? Skryf dit neer.

Geïntegreerde taal (verryking)

18. 'n Mens kan “oorbly” in versreël 7 as twee aparte woorde in 'n sin gebruik. Vul die aparte dele van hierdie woord in die volgende sin om dit te voltooi: Daar _____ later net 'n ietsie _____ van die maan.
19. 'n Mens kan “hol” en “uit” in versreël 6 ook as een werkwoord in 'n sin gebruik. Skryf 'n samestelling van die woord neer in die volgende sin: Son wil graag vir Maan _____.
20. Skryf versreëls 9 en 10 in die indirekte rede oor.

21. Verander versreël 10 na 'n vraagsin. Begin jou sin soos volg: *Wat . . .*

22. Kyk na die foto's van die maan wat verander en voltooi die volgende sin deur die regte woord in te vul.
Wanneer die maan soos die laaste ry mane lyk, sê ons in Afrikaans dit is _____ vanaand.



Memorandum

Son en Maan – Hennie Aucamp

1. Dit verskaf inligting omtrent die gedig – dit is 'n San-mite wat vertel word.
2. “Die Son is vol en rond” of “is net somtyds rond.”
3. Waarom Maan groei en inkrimp.
4. a) “sieklik”
b) “somtyds”
5. Lees versreël 3.
a) personifikasie
b) 'n Mens sien net 'n gedeelte van die maan en hy is liggeel van kleur.
6. Nee, die storie verklaar waarom Son jaloers was – die maan is mooier as die son en die mense het meer van maan gehou.
7. baie/vreeslik/innig/verskriklik
8. “tot later”
9. bietjie
10. iets belangriks gaan volg.
11. Hy was benoud Son gaan hom vernietig.

12. Iemand gaan praat.
13. Maan begin weer groei.
14. Leerder se respons: Hy het groter geword tot dit weer volmaan was en toe het Son hom weer kleiner gemaak.
15. Dit digter het 'n San-mite in digvorm oorvertel.
16. Leerder se respons met motivering. Maan, want Son is baie sterker as hy./Son, want Maan het nie eintlik waarde nie.
17. Die son skyn ook op die maan. Die maan wentel/draai om die aarde en soms skuif die aarde tussen die son en die maan in – dan val die aarde se skaduwee op die maan en sien ons net 'n deel van die maan.

Geïntegreerde taal (verryking)

18. Daar bly later net 'n ietsie oor van die maan.
19. Son wil graag vir Maan uithol.
20. Maan pleit met 'n benoude stem dat Son asseblief één ribstuk moet laat oorbly.
21. Wat het Maan vir Son gevra?/Wat wou Maan van Son hê?
22. Wanneer die maan soos die laaste ry mane lyk, sê ons in Afrikaans dit is sekelmaan vanaand.

Vir navrae oor aankope van die Studiewerkgids vir *Verskuns Graad 12 EAT*:

Henk Viljoen

Streeksverkoopsbestuurder NB-Uitgewers Skole: GT, MPU, NW, OK, L

0825655145

henk.viljoen@nb.co.za

www.nb.co.za